# 8 *Dinsdag*

**SKRIFGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 19**
**FOKUSGEDEELTE: DEUTERONOMIUM 19:21**

**Ek kan seker wees dat God my regsaak hanteer**

Baie mense beroep hulle op hierdie teks om te vergeld of om hulle te wreek. Hierdie kwaad is aan my gedoen, daarom sal ek met kwaad vergeld. Dikwels is dit met die gedagte dat ek dubbel so hard sal terugslaan.

Dit is egter nie God se bedoeling nie. Hierdie hoofstuk handel oor drie sake: Die vrystede, grondroof en die lewer van getuienis teen iemand.

God gee hierdie bepalings om wraak, oneerlikheid en kwaadwilligheid uit te skakel. Nou staan die woorde egter daar: 'n Lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand … Dit is die sogenaamde wet van vergelding. Levitikus 24:18 sê: Die beginsel is 'n lewe vir 'n lewe. Hierdeur word wraak nie aangemoedig nie. God sê tog self dat ons ons nie moet wreek nie, want die wraak kom Hom toe (Rom. 12:19). Hier word eerder riglyne gegee vir 'n regverdige oordeel.

Straf moet volgens jou dade en nie bo jou dade wees nie. As jy in ’n hofsaak kom, moet jy kan weet dat jou saak regverdig beoordeel sal word. Vandag word hierdie beginsel nie altyd so deurgevoer nie: As ek geslaan word, slaan ek dubbel so hard terug. Toe Jesus aan die kruis gehang het, het Hy gesorg dat ek 'n regverdige saak voor God het. Daardie bloed het verseker dat aan my saak voor God reg geskied.

Ek verdien die hoogste moontlike straf: Om verteer te word onder die toorn van God. Jesus het egter daardie verskriklike strale van God se toorn opgevang. Daarom handel Hy met my nie na my sonde nie en vergeld Hy my nie volgens my ongeregtigheid nie.

*Sing: Psalm 103:5*

*Ds. LD (Lourens) Aucamp (Emeritus)*